

Skriflesing: Mattheus 9:1-8; 20-22; 14:22-31; Johannes 16:28-33

Teks: Mattheus 9:2,9; Mattheus 14:27; Johannes 16:33

Sing- VOORAF SANG: Ps. 138:4

TYDENS EREDIENS: Ps. 145: 1,5,12; Ps. 119:1,2; Ps. 89:9; Ps. 89:18; Ps. 134:4

(Gemeentevergd.- Ps. 84:2)

Mattheus 9:1-8

Mat 9:1 En nadat Hy in die skuit geklim het, het Hy oorgevaar en in sy eie stad gekom.

Mat 9:2 En hulle het 'n verlamde man wat op 'n bed lê, na Hom gebring. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy aan die verlamde: Seun, **hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe.**

Mat 9:3 En sommige van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: Hierdie man praat godslasterlik.

Mat 9:4 En toe Jesus merk wat hulle gedagtes was, sê Hy: Waarom bedink julle slegte dinge in julle harte?

Mat 9:5 Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en loop?

Mat 9:6 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe—toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

Mat 9:7 En hy het opgestaan en huis toe gegaan.

Mat 9:8 En toe die skare dit sien, was hulle verwonderd en het God verheerlik wat so 'n mag aan die mense gegee het.

Mattheus 9:20-22

Mat 9:20 En daar het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agter gekom en die soom van sy kleed aangeraak.

Mat 9:21 Want sy het by haarself gesê: As ek maar net sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word.

Mat 9:22 En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: **Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered.** En die vrou het gesond geword van daardie uur af.

Mattheus 14:22-31

Mat 14:22 En Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur.

Mat 14:23 En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen.

Mat 14:24 En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle.

Mat 14:25 Maar in die vierde nagwaak het Jesus na hulle gekom, al wandelende op die see.

Mat 14:26 En toe die dissipels Hom op die see sien loop, word hulle ontsteld en sê: Dit is 'n spook! En hulle het geskreeu van vrees.

Mat 14:27 **Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê: Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.**

Mat 14:28 En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.

Mat 14:29 En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan.

Mat 14:30 Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!

Mat 14:31 En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

Johannes 16:28-33

Joh 16:28 Ek het van die Vader uitgegaan en in die wêreld gekom. Weer verlaat Ek die wêreld en gaan na my Vader.

Joh 16:29 Sy dissipels sê vir Hom: Kyk, nou spreek U ronduit en gebruik geen gelykenis nie.

Joh 16:30 Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het.

Joh 16:31 Jesus antwoord hulle: Glo julle nou?

Joh 16:32 Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is.

Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; **maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.**

Skriflesing: Mattheus 9:1-8; 20-22; 14:22-31; Johannes 16:28-33

Teks: **Mattheus 9:2,9; Mattheus 14:27; Johannes 16:33**

Sing- VOORAF SANG:

TYDENS EREDIENS: VOORAF SANG:Ps. 138:4

TYDENS EREDIENS: Ps. 145: 1,5,12; Ps. 119:1,2; Ps. 89:9; Ps. 89:18; Ps. 134:4

(Gemeentevergd.- Ps. 84:2)

Ons het 'n besondere uitdrukking in vier verskillende Skrifgedeeltes vandag kon hoor. Broeder en suster, elke keer die uitdrukking dat ons kan moed hou. *Hou goeie moed ...* Dit was ook my oupa se plaas se naam, ook lidmaat in die gemeente, tot nog in die laat sewentigerjare, vroeëre tagtigerjare van die vorige eeu, hulle het hom sy plaas se bynaam gegee ... Piet Moedhou.

Wanneer ons Jesus hierdie uitdrukking by herhaling hoor gebruik, ja God se Woord laat ons van moed en om moed te hou, op 'n besondere wyse hoor. *Θάρσει* is die Griekse woord, wat elke keer in God se Woord in 'n bevelsvorm staan, 'n imperatief, m.a.w. dit is 'n opdrag. Hou goeie moed... die Here gee ons daardie opdrag.

Die Engelse vertalings praat van ... *be comforted* ... Hierin kom selfs iets van die betekenis van troos na vore. Troos waarsonder ons nie kan klaarkom nie ... Ja, in die Grieks staan dit ook in die konteks van jy kan met vertrouwe handel, jy kan vasstaan, jy het 'n doel, al staar jy dalk groot gevaar of die dood in die gesig. Daar is dinge wat jou toets maar jy hoef nie moedeloos te word nie. Daar kan by jou steeds vrymoedigheid wees. Dit is die woordveld waarin 'n besondere Griekse woordeboek ook die woord plaas. Die Bybel Direkte vertaling vertaal elke keer ook die woord as *hou moed* ...

Die 1983-Vertaling lê die klem weer ietwat anders as die uitdrukking elke keer vertaal word van ... *wees gerus* ... Tog het ons in hierdie vier gedeeltes nie gewoon te make met 'n uitdrukking wat ons maar gewoon net wil aanspoor dat ons ongeag ons omstandighede maar net moet aangaan nie. Elke keer as die goeie moed ter sprake kom is daar 'n besondere konteks waarin dit staan. Dit is daardie konteks wat ons vandag nog dieper in God se Woord laat indelf en ek myself in hierdie tyd van swaar en onsekerheid, ja 'n tyd wat lyk daar is onheilsmagte aan die werk steeds goeie moed kan hou, ja ek moet goeie moed kan hou want ons Here gee ons die opdrag ons moet dit doen. Kom ons kyk hoekom dit vir Jesus belangrik is dat hy hierdie opdrag vir ons wil gee. Eerste kyk ons waarom die verlamde man goeie moed kon hou. In die tweede plek waarom die

siek vrou wel goeie moed kan hou. In die derde plek waarom die dissipels op die storm see goeie moed kan hou En laastens- Waarom die dissipels by Jesus se afskeid goeie moed kan hou?

Eerste dan-

Waarom die verlamde man goeie moed kon hou?

Jesus sê vir die verlamde – *Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe.* Jesus het maar so pas in Kapernaum ingekom. Dan bring hulle die verlamde man na Jesus toe. Ons kan nie anders as om te wonder maar hoekom bring Jesus nou die man se sonde na vore. Hy het tog seker groter behoefte om weer te loop as om te hoor van sy sonde. Moes Jesus nie eerder vir hom gesê het- “Hou goeie moed, ek sal weer jou bene sterk maak dat jy kan loop nie” ... Maar nee, Jesus lê ’n direkte verband tussen die verlamming en sonde wat daar was.

Geliefdes, dit moet vir ons duidelik wees, Jesus weet wat Hy doen en wat Hy sê! Jesus het sekerlik geweet die man se verlamming en sonde wat daar in sy lewe was, kan nie aanhoudend stilgehou word nie. Daar is ’n verband in wat Jesus sien en wat Hy aanspreek. Jesus huiwer nie om direk dit te noem daar waar ons so dikwels net die goeie wil doen maar moet tog net nie oor my sonde praat nie. En Jesus weet nog meer. Wat help gesondheid my nou eintlik, wat help sterke bene my, maar my eintlike ellende, die uiteindelijke oorsaak van dit wat my geestelik lamlê verander nie. Die wese van ons geestelike verlamming is juis omdat ons so dikwels sonde wil ontken, of dit sommer maar net wil wegpraat, of om grappies daarvoor te maak, of dit gewoon te wil versag en te maak of dit darem nie so erg is nie.

Ons moet dit baie goed verstaan, want so dui Jesus dit aan, dat daar niks is, ja niks moet wees, wat ons so siek kan maak, wat my so benoud moet maak, so moedeloos moet maak as die wete dat daar sonde in my lewe is, wat ek nie die noodsaak besef dat God my moet vergewe nie. Dawid beskryf hierdie diepe benoudheid in verskeie Psalms. Dink maar aan Psalm 32 en ook Psalm 51. In Psalm 32 sien hy sy sonde wat hy met Batseba gepleeg het, nie as iets wat ek maar grappies oor kan maak nie. Hy besef sonde is vernietigend en dit werk deur, dit dra skadelike gevolge, dit is iets wat erger is as die liggaamlike dood. Dit kan uitloop op die geestelike dood en die ewige dood. Hy beskryf in Psalm 32 wat dit aan hom doen - vv. 3-4: *3 Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; 4 want u hand was dag en nag swaar op*

my; my murg het verander soos deur somergloed. Hy beleef hoe sy liggaam besig is om uit te keer, dis asof sy murg uitdroog. Sy krag droog op! In Psalm 51 vers 3 dan skryf hy nog weer oor hierdie benoudheid - *Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my.* Hy kry nie van sy benoudheid en sonde wat reeds gedoen is, weggevlug nie. Hy laat in Psalm 51 dit baie duidelik hoor – vers 6 as hy vir die Here sê: *Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou.* Ons besef hoe swaar, hoe moeilik, hoe dodelik die omstandighede is waarbinne ons verkeer as God nie my sonde van my gaan wegneem nie.

Ons leef in 'n moderne tyd wat menswaardigheid en sg menseregte en dit wat kamtig liefde genoem word, maar dis geen liefde nie, dis gevaarliker as strignien. Mense wil nie hoor maar hierdie homoseksualiteit, hierdie saamwoon voor die huwelik, hierdie manier van hoe daar kerklik meegeleef word, is jy besig om voor God te sondig nie. Eintlik het die mens in sy eie idees so vergiftig geraak dat sonde word nou maar net as menslike swakheid of ek het 'n ander siening hieroor en daarom moet nie met my hieroor praat nie, want ek laat nie so met my praat nie. Sonde word dan maar net as 'n bepaalde andersheid, 'n bepaalde gebrek, of maar dis net 'n fout wat ek gemaak het.

Geliefdes dit is nie hoe God daarna kyk nie. Sonde is sonde. Voor sy heilige aangesig staan ek daarmee en as ek nie besef hoe nodig dit is dat God my moet vergewe nie, waarom sal ek dit dan as noodsaaklik beskou dat Jesus na hierdie aarde moes kom, dat Hy gekruisig moes word, dat Hy moes sterwe, dit ter wille ook van my sonde. As dit vir God nie ernstig was nie, hoekom het Jesus oor ons sonde deur sulke verskriklike lyding, deur soveel smarte moes gaan, as sonde voor God maar gewoon net 'n glipsie was, 'n fout, 'n misstap.

As Jesus dan vir die verlamde sê ... *Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe ...* is die woorde jou sonde is vergewe, die anker van alle vertroue. Daarom kan daar 'n blydskap en dankbaarheid 'n mens inkom wat groter is as die besef ek kan weer loop. Om weer te mag loop is eintlik 'n bysaak, maar die regtige saak waar dit vir Jesus om gaan is die feit dat sy sonde vergewe is. By wat die Here hier vir ons sê, ook in hierdie tyd, bely waarlik jou sonde voor die Here, maak daarvan nie 'n ligtelike spel nie, mag ons ons sonde erken en bely. Die een wat dink

hierdie Covid-gemors waarin die wêreld vasgevang lê het nie te make met God wat besig is om hierdie wêreld te oordeel nie, sal maar weer moet dink. Hoe ryp die tyd nog moet word voordat kerke wakker skrik en besef dis oor ons, dis oor ons mense in hierdie liberale vrypostige tydsgees wat sonde nie meer sonde genoem mag word nie, wat die wêreld lyk soos hy lyk! Genadiglik kan ons goed hou, goeie goed in die wete soos God ernstig is oor die sonde, so is Hy ook ernstig daarvoor om ons sondes daadwerklik te vergewe. Want het nie net die verlamde gehoor hy kan goeie goed hou nie, maar God het dit ook vir 'n siek vrou gesê- Ons kyk dan in die tweede plek:

Hoe die siek vrou goeie goed kon hou?

Jesus is eintlik op pad na Jairus se dogtertjie. Dis nie asof Jesus op hierdie vrou ingestel was nie. Toe kom hierdie vrou wat al twaalf jaar lank ongeneeslik swaar gely het aan wat die Bybel noem bloedvloeiing. Sy doen 'n baie ongewone en tog eintlik gewone ding. Sy wat glo as sy Jesus net kan aanraak kan sy genees word. Sy het van agter net aan die soom van sy kleed geraak. Ons kan aanvaar dis 'n skugtere skaam vrou, wat al so verneder, so blootgestel in die wêreld gevoel het, dat sy met niemand meer oor haar lange kwaal, dit wat haar finansiële geruïneer het, meer kon praat nie. Daarom het sy net stilletjies Jesus wou aanraak. Nou die punt van goed hou want Jesus bly nie stil nie, al sou sy dalk aanvanklik gedink het die Here moet tog ook nie nou praat oor wat so pas gebeur het nie. Nee Jesus praat ... hy praat direk ... *Hou goeie goed, dogter, jou geloof het jou gered.*

Waar dit by die verlamde op die punt van sonde was wat sy goed kon vashaak, sien ons by hierdie vrou dat die goeie goed laat haar geloof na vore kom. Want Jesus ken mense, Hy ken ons, Hy weet ook om tussen ons as mense onderskeid te maak. Dis nie asof daar nie ook klomp ander mense was wat ook Jesus aangeraak het nie. Mense staan naby mekaar, wil Jesus aanraak, maar daar is 'n verskil in aanraak en aanraak. Party doen dit uit nuuskierigheid, uit sensasie, gewoon net iets van ek wil naby Hom kom, ek wil Hom sien, maar hierdie vrou se aanraak was anders. Dit was uit daadwerklike geloof gedoen. Geliefdes, kom ons besef soos wat God ernstig is oor sonde so is Hy ernstig oor die geloof. Die geloof wat Hy ons geskenk het, moet ons daadwerklik glo dat die geloof is nie gewoon iets ligtelik, ek wil darem ook onder gelowiges gereken word, ek laat darem so nou en dan dit uitkom dat ek ook glo. Nee geloof bevat 'n ken van God, ek wil Hom waarlik ken, dit moet 'n najaag van kennis wees maar ook 'n vaste

vertroue. Dit word 'n oorgawe, 'n werklike geloof wat glo dat al kan ek Jesus net aanraak sal ek gesond kan word as dit God se wil is. Daarom dat Jesus die vrou duidelik laat verstaan en almal kan dit maar hoor, niemand is ooit te belangrik om nie siek of dood te gaan nie, niemand is ook te belangrik om te dink dit wat Jesus vir my gedoen het, moet nou maar net tussen ons bly nie. Jesus praat van haar kosbare geloof, die geloof wat kan red! Jesus wil dat die grote skare moet raaksien en besef watter verandering die ware geloof in 'n mens se lewe kan teweegbring. Jesus noem haar dan ook *dogter*, want deur die krag van die Heilige Gees het die arme vrou 'n dogter van die lewende God geword. Sy kon waarlik in Christus as haar Verlosser glo.

Ons wat vandag in hierdie pandemie-tyd lewe, kan dit dalk ook jare aanhou, niemand weet nie. Hoeveel gaan nog sterwe ... Gaan ek dalk sterf? Is dit nie tyd dat daar met daadwerklike geloof gewerk en geglo word dat alleen God kan dit weer wegneem nie. Om in hierdie tyd moed te hou, vir goeie moed is dit nodig om te besef hoe nodig dit is dat God ons as kerke, Sy kerke se sonde moet vergewe. So nodig is dit ook, om weer met 'n kinderlike geloof jou oor te gee en al is my geloof klein, klein soos 'n mosterdsaadjie, glo dat as ek net aan die geloof my kan oorgee, dan word dinge anders, dan kan dinge anders word. Jesus is as Mens nie meer hier op aarde nie, die aanraak van sy soom word nou 'n beweeg na wat Hy in sy plek vir ons gegee het. Om in die Kerk van die Here te kom, sy Woord te hoor ... om te bid, om sy Woord biddend te bestudeer, om jou waarlik in sy diens oor te gee, soos hy wat vandag as ouderling bevestig gaan word, dit is die soom wat ons moet aanraak. Of om ons kinders te doop soos hulle wat die volgende twee agtereenvolgende Sondae kindertjies wil doop, dit word 'n aanraak van die soom van die Heilige Gees as ek dit so mag noem.

Dalk voel u maar my geloof is te klein, my geloof kan eenvoudig nie net so 'n oorgawe wees, ja so eenvoudig soos hierdie vrou se geloof was nie. In die eenvoud, lê die drievoud, daarin lê krag, dat al is jou geloof klein, God Drie-enig is nooit klein nie. Dit bevestig ook die woord in Sagaria wat sê moet die dag van klein dingetjies nie geringskat nie (vgl. Sag 4:10). God se oë is dit wat die hele aarde kan deurloop is wat Sagaria daaraan kon toevoeg. Geliefdes, daar is dan nou twee dinge, sonde wat vergewe moet word, geloof wat aan vasgehou moet word as ek waarlik goeie moed wil hou, maar kom ons die derde saak by uitkom:

Waarom die dissipels op die stormwaters goeie moed kon hou?

In Mattheus staan dat Jesus sy dissipels gedwing het om alleen – ja sonder Hom- op die see te vaar. Dadelik mag ons vra. Waarom dwing Jesus hulle daartoe? Broeder en suster, laat ons dit ook nooit buite rekening laat nie dat Jesus is besig om sy dissipels se geloof te toets. Maar soos wat die toets vorder so word die geloof ook gesuiwer. Daardie geweldige stormsee wat daar losgebreek het en dit alles in die pikdonkerte van die nag was nie 'n ligtelike vrees, 'n ligtelike onsekerheid wat oor daardie twaalf manne kom hang het nie. Daar kom Jesus op die water na hulle aangestap, maar wie van ons sou ook die wandelende gedaante op die water nie ook as 'n gestalte wou sien wat my vrees net kon vererger. Wie het Jesus op so 'n manier verwag, op so 'n manier na jou aangestap kon verwag?

En dan kom die vrees, die vrees wat so alles oorweldigend kan wees. Die tyd van inperking is vandag al in ons land 115 dae aan die gang en die vrese bou op. Vir baie voel dit die groter storm kom nog. En as gelowiges weet ons, God spaar ons nie die storms nie, soos Jesus sy dissipels daardie nag die storm nie gespaar het nie. Tog as Jesus in die stormwater met hulle begin praat, is dit die mees aangrypende woord wat ons vandag ook nog mag hoor - *Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie.* Geliefdes, net oor hierdie woorde moet ons eintlik 'n aparte preek kan maak. Die goeie moed wat daar kan wees lê in wat Jesus Self sê ... DIT IS EK ... Net om te mag hoor God is hier teenwoordig, soos Moses ook God sy Naam hoor sê het ... EK IS WAT EK IS ... HY, DIE EK IS, wat met jou praat. Is dit vir u ook die allesomvattende en allesoortreffende, die besef van God se teenwoordigheid in ons tyd. Om hier dan die Nuwe Vertaling se moed-woord ook te mag aangryp. *Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.*

Baie mense, hulle sê nie vir ons hulle is bang nie, maar tog is hulle optrede en die manier hoe daar ten spyte van en te midde van alle voorsorg wat wel getref word, tog 'n neiging is om te wil vrees. Dis 'n moeilike vraag en seker selfs ongemaklike vraag en in 'n sekere sin 'n gewetensvraag, maar moet ek bang wees om dood te gaan. As ek bang is, hoekom is ek so bang?! As die Here Jesus sê *Dit is Ek ...* Hy onderstreep sy teenwoordigheid dan is dit moeilik maar dis belangrik om direk in hierdie gebeure ook te verstaan dit wat Petrus beleef het. JY KAN OP WATER STAAN - Petrus se kleingeloof het hom laat sink, hy haal sy oë van Jesus af, hy sien golwe groter as wat sy geloof en vertrouwe nou is, tog was Jesus in die golwe nog weer daar om sy hand te gryp, wel met die vraag aan hom, ook tot ons gerig vandag ... *Kleingelowige,*

waarom het jy getwyfel. Dit bring my by wat ek as laaste punt in die viertal moedhou vashouplekke nie mag uitlaat nie. In die laaste plek dan:

Waarom moes die dissipels by Jesus se afskeid goeie moed hou?

Jesus se kruis is nou baie naby. Hy en sy dissipels is in Jerusalem die laaste keer bymekaar. Jesus word omring deur 'n kring moedelose dissipels. Ja, hulle anker, hierdie Jesus wat hulle vertrou is, soveel het hulle nou saam met hom deurgegaan, soveel wat hulle veronderstel was om as sy leerlinge, te moes leer. 'n Dissipel is om 'n leerling te wees, maar as ek nie my katkisasie ken nie, al is ek al groot, hoe kan ek ander leer as ekself nog soveel moet leer. Elke dissipel het sekerlik die vraag wat Jesus weet hulle in hulle rondra. Hoe sal ek slaag om die Woord van God in hierdie goddelose wêreld te verkondig as Jesus ons gaan verlaat?

In aansluiting by die storm in die see oornag, mag Jesus se woord hierdie tyd goed deur ons lewens weergalm- *Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin ...* Ja, ook hierdie Covid 19 wêreld is 'n oorwonne wêreld, is 'n onderwerpte wêreld, is 'n wêreld wat my nie mag onderkry nie. Op die oppervlak lyk dit dalk vir ons ons gaan nie wen nie. As die gelowige so dink dan is daar groot fout. In Christus gaan dit nie om wen of verloor nie, in Hom is ons reeds meer as oorwinnaars. Daarom kan ek in die mees onrustige tye ook nog rustig wees.

U het ons Here Jesus Christus vier maal vandag vir u hoor sê: Ook vir hom wat ons nou as ouderling gaan bevestig. Hou goeie moed! Ons almal moet dit hoor ... Hou goeie moed, jou sondes kan vergewe word, weet hoe nodig dit is ... as jou sonde vergewe is, hoe kan ons dan nog moedeloos wees. Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. So kan ons die toekoms ingaan met Hom wat vandag ook vir ons sê: *dit is Ek, moenie vrees nie.* Die Vader in Christus, deur sy Gees kan ons moedig in hierdie tyd die wêreld en die virus laat tegemoetgaan. Christus het die wêreld klaar oorwin, die virus is 'n vyand, ja, maar in Christus reeds oorwin, al sterf ek ook deur hierdie virus. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

AMEN